POLICY 03/2016 RAADSBELEID

MUNICIPALITY DAWID KRUIPER MUNISIPALITEIT

SUBJECT/ONDERWERP: **AFSAAG VAN BOME OP PRIVAAT EIENDOMME VAN PERSONE WAT AS HULPBEHOEWEND REGISTREER IS**

REFERENCE/VERWYSING: **17.6.B**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **18/10.2/2016 (SCM)** DATE/DATUM: **26 October 2016**

BELEIDSOOGMERK: Om die afsaag van bome in erwe van hulpbehoewende persone te beheer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad erken die sosiale verantwoordelikheid teenoor hulpbehoewende inwoners en poog daarom om sodanige inwoners te assisteer om bome wat gevare inhou, af te saag.

RIGLYNE

Dat die Raad geregistreerde hulpbehoewende inwoners en meriete gevalle assisteer om bome af te saag indien dit bevind word dat die bome op die eiendom geval het of blyk asof dit gaan val op die eiendom.

Dat die verwydering van die afvalmateriaal (takke en blare) die verantwoordelikheid van die eienaar is.

Dat daar ‘n tydsverloop sal wees van vier weke vandat versoek goedgekeur is van boom wat geval het tot en met afhandeling, indien voertuie en toerusting in werkende toestand is.

Dat die eienaar die Raad vrywaar van enige skade of geregtelike eise wat met die uitvoering van take, mag ontstaan.

PROSEDURE

Indien gevalle voorkom waar bome geval het op eiendom of in proses is om te val, moet die gevalle deur die Raadslid op die voorgeskrewe vorm aangemeld word en aan invordering oorhandig word om te bevestig of eienaar hulpbehoewend geregistreer is behalwe met die miriete gevalle.

Die vorm word dan oorhandig aan Bestuurder Parke wat ‘n inspeksie sal doen of laat doen om vas te stel of die boom onmiddelike gevaar in hou.

Die versoeke sal dan aan die Munisipale Bestuurder voorgelê word vir goedkeuring.

Die inwoners sal versoek word om die vrywaringsvorm te onderteken alvorens die boom gesaag word.

ROLLE

Parke Afdeling is verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid.

VERWANTE BELEID

Bome op Munisipale eiendom.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.